Verskillende modelle vanuit die Skrif in terme van verset[1]

Prof. GDS Smit

Inleiding

Die Suid-Afrikaanse grondwet word deur 'n Amerikaanse regsgeleerde, Cass Sunstein, beskou as een van die beste in die wêreld[2]. In verband met die huidige Suid-Afrikaanse grondwet het P.W. Liebenberg die volgende geskryf[3]: *"Die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet word wyd aangeprys as 'n moderne, demokratiese grondwet wat fundamentele menseregte beskerm. Die Grondwet is – só word soms beweer – 'n onpartydige en religieus-neutrale dokument wat aan die verskillende groepe in die heterogene Suid-Afrikaanse bevolking ruimte tot uitlewing van hul onderskeie tale, kulture en geloofsoortuiginge bied"*. Op 'n ander plek skryf Liebenberg: volgens die grondwet word voorsiening gemaak vir die godsdienstige-, kulturele, taalkundige- en sosiale regte van alle Suid-Afrikaners[4]. Al hierdie lofsange oor die grondwet laat egter veel te wense na as die toepassing van die grondwet deur die meerderheid binne 'n humanistiese sekulêre samelewing geskied.

Die Christen-Afrikaner beleef teenoor sommige se entoesiasme oor die grondwet tans dat die grondwet nie genoeg beskerming bied om hierdie veronderstelde neutraliteit in die praktyk toe te pas nie. Die rede waarom menige Christen-Afrikaners sukkel om aan te pas in die huidige staatsbestel, is omdat hierdie regte in baie opsigte slegs die meerderheidsgroepe in Suid-Afrika bevoordeel. Volgens die grondwet het elke geloofsgemeenskap die reg om hul eie waardes en norme uit te leef binne die beginsel van nie-diskriminasie. Die praktyk maak dit egter duidelik dat diskriminasie 'n term geword het waarmee die meerderheid die minderheid oor die vingers tik, of iets waaroor die minderheid moet skuldig voel, asof diskriminasie slegs van die een kant kan kom.

Aan die ander kant word daar van verskeie volksgenote druk op mede-Afrikaners geplaas om *"hul identiteit te besef"*. 'n Mens hoor gereeld dat die opmerking gemaak word dat die ons "moet wakker skrik en saamstaan". In hierdie verband ten opsigte van sosiale groepvorming

---

[1] Referaat gelewer by die jaarlikse teologiese dag van die APA, 27 Januarie 2020.
[2] Sunstein, Cass in Eighteen years of the world's best Constitution. Aanlyn beskikbaar by: https://www.brandsouthafrica.com/people-culture/history-heritage/eighteen-years-of-the-world-s-best-constitution. Toegang: 17 Januarie 2020.
[3] Liebenberg, P.W. 1998. *Kragvelde in die nuwe Suid-Afrika: Die Christen-Afrikaner.* Aanlyn beskikbaar by: http://www.general.rau.ac.za/aambeeld/june1998/kragvelde_in_die_nuwe_sa.html. Toegang: 13 April 2007.

[4] Liebenberg, P.W. 1996 *Konstitusionele erkenning van die beginsel van selfbeskikking in internasionale verband* (Vierde verslag van die Volkstaatraad). Pretoria: Staatsdrukker.

en nasionale identiteit merk Burke[5] op: *"It would seem that nothing can more effectively set people at odds than the demand that they think alike".* Burke wys dus daarop dat sodra daar druk op homogene groepe geplaas word om eenders oor 'n saak te dink, die menslike natuur groepe uitmekaar dryf. Burke mag dalk met post-modernistiese denke na die saak kyk, maar ons kan egter saamstem dat eendrag nie tans 'n uitnemende kenmerk van die Afrikaner in ons land is nie. Dit is seker dan te verwagte dat daar oor die onderwerp van verset ook verskillende menings sal bestaan.

Die afgelope jare wonder baie van ons mense oor die posisie van die Christen-Afrikaner binne die huidige politieke bestel in Suid-Afrika. Mediese dokters, ingenieurs, onderwysers, vakmanne en ander kundiges emigreer in groot getalle en die redes op die aansoekvorms is oorwegend: misdaad, verlies aan werksekuriteit en ekonomiese onsekerheid[6].

In 'n Afriforum artikel oor migrasie, gepubliseer op 19 Julie 2019[7], word sewe oorwegings gemeld wat ter sprake is wanneer iemand oorweeg om te migreer. 'n Mens moet egter besef dat probleme in een land probleme in 'n ander land is: *"As probleme in jou eie of gesinslewe opduik, gaan geen verhuising dit oplos nie. As jou huwelik nie werk nie, is dit iets wat jy en jou huweliksmaat moet uitsorteer. Of jy nou in Perth of Petrusburg bly terwyl jy dit doen, maak weinig verskil. As Sarie verkeerde maats by die skool maak, of Hansie begin met dwelms eksperimenteer, is die probleem nie jou adres nie, maar iets wat in die gesin opgelos moet word. As jou lewensuitkyk somber is en jy nie die nuus van die dag in die oë kan kyk nie, gaan dit elders ook so werk. In Suid-Afrika is dit dalk misdaadberigte wat jou teen die mure uitdryf, in Engeland dalk die onsekerheid oor Brexit, in Ysland dalk die weer. Jou persoonlike ingesteldheid gaan 'n rol speel en verhuising is geen kits antwoord nie"*[8]. Dit sal interessant wees (as 'n student dalk die wenk wil opneem) om 'n studie te onderneem in watter mate emigrasie 'n invloed het op die dalende lidmaatgetalle van die kerk en watter invloede emigrasie en miskien ook swart ekonomiese bemagtiging (SEB) – wat een van die motiverings vir emigrasie is, op plaaslike gemeentes, veral finansieel, het.

Nieteenstaande al die waarskuwings dat die gras nie so groen is aan die ander kant nie, en die sukses van 'n sosiale media veldtog *#Im staying*[9] wat Suid-Afrikaners probeer oortuig om

---

[5] Burke, K. 1961. *The Rhetoric of Religion: Studies in logology,* p. V. Berkeley: University of California Press.
[6] Maroela Media, 29 Mei 2019. *Emigrasie – die syfers, redes en implikasies.* Beskikbaar by: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/emigrasie-die-syfers-redes-en-implikasies/. Toegang: 15 Januarie 2020.
[7] Afriforum, 19 Julie 2019. *Sewe belangrike feite oor migrasie*, Beskikbaar by: https://www.afriforum.co.za/sewe-belangrike-feite-oor-migrasie/. Toegang: 15 Januarie 2020.
[8] Aanhaling uit: Afriforum, a.w. punt 6, 19 Julie 2019.
[9] Artikel beskikbaar by: https://showme.co.za/east-london/news/im-staying-taking-south-africa-and-the-world-by-storm/

in die land te bly, kom ons toenemend nie alleen te staan voor die sogenaamde “brain drain”, soos ‘n *Business Tech* artikel dit beskryf[10], nie, maar ook plaasaanvalle, misdaad, grondgrype, druk op skole en universiteite om Afrikaans te laat val, Eskom, SAL en ander sukkelende staatsondernemings en noem maar op en daarom is dit ‘n heel relevante vraag: wanneer is genoeg nou genoeg? En wat staan ons as Christene te doen? Hoe kan ons in verset kom en mag ons in verset kom?

Vir baie van ons is verhuising of emigrasie finansieel of weens ouderdom of ander redes net glad nie ‘n opsie nie. Trouens, in kommentaar op sosiale media, soos byvoorbeeld in die kommentaar op ‘n artikel wat op Maroela Media verskyn het op 1 Desember 2018, getiteld: “Meeste tot dusver vanjaar landuit”[11] is daar ook ‘n toenemende weerstand by sommige Afrikaners téén emigrasie met die argument dat ons voorouers hulle sweet en bloed vir hierdie land gegee het en dat dit lafaards is wat die land verlaat en die rug op die nalatenskap van die voorouers keer.

Die doel van my aanbieding vandag is nie om uitsprake te waag oor emigrasie of nie, maar om dié saak op die tafel te plaas dat dit vir baie Christen-Afrikaners nie ‘n opsie is om te oorweeg: *moet ons bly of gly nie?*, omdat “bly” tans die enigste werklikheid is. Derhalwe moet ons ‘n antwoord formuleer op die vrae waarmee hierdie groep worstel as hulle sien hoe die een staatsonderneming na-die-ander onder gaan, as hulle die korrupsie en misdaad en al die ander redes waarom Suid-Afrika rommelstatus het, moet verwerk. Vir hierdie groep is die vrae voor-die-hand-liggend: moet ons veg of vlug? Miskien het ‘n derde moontlikheid baie Afrikaners se “bufferplakker” op hulle lewens geword waarmee hulle hul gewetens troos: *As jy in Rome is, maak soos Rome,* of *“Ons is in Afrika, man! Afrika is leeuwêreld – skep as dit pap reën”.*

Vandag kom “sieners” en “profete” met verskillende teologiese agendas om aan die een kant tot verset teen die owerheid aan te hits en aan die ander kant mense te motiveer om niks te doen nie en gelate te aanvaar dat ons in die “Nuwe Suid-Afrika” en sy ideale van ‘n reënboognasie leef. Aan die ander kant van die spektrum, is daar ‘n “boerseun van Migdol” wat meen dat die kerk geen gesag het om leiding oor enige onderwerp te gee nie, omdat hulle die volk mislei met ‘n valse teologie.

As gelowiges wat gehoorsaam wil wees aan die Woord, moet ons altyd vra na die beginsels van die Skrif in dié verband. Ons moet terselfdertyd in gedagte hou dat die beginsels wat die

---

[10] Business Tech, 23 Mei 2019. *South Africa’s emigration problem – no one knows how big the brain drain really is.* Beskikbaar by: https://businesstech.co.za/news/lifestyle/318736/south-africas-emigration-problem-no-one-knows-how-big-the-brain-drain-really-is/. Toegang: 15 Januarie 2019.

[11] Maroela Media, 1 Desember 2018. *Meeste tot dusver vanjaar landuit.* Beskikbaar by: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/meeste-tot-dusver-vanjaar-landuit/. Toegang: 15 Januarie 2020.

Skrif neerlê, dikwels in verskillende omstandighede was en dat daar selfs in Israel verskillende modelle van optrede in verskillende tye was, afhangend van die omstandighede.

Ons gaan aan die hand van drie voorbeelde in die Bybel kyk na die gelowige se optrede teenoor die staat. Eerstens kyk ons na die voorbeeld van Josua wat die vyande voor hom uit verdryf het, en op bevel van die Here alles met die banvloek moes tref. Tweedens gaan ons kyk na die voorbeeld van Jeremia wat die volk tydens die beleg van Jerusalem aanmoedig om hulle te onderwerp aan die heidense Babiloniërs, en nie te luister na die vryheidspraatjies van Hanánja, wat die volk valse hoop gee dat Egipte hulle sal kom help nie. In die derde plek is daar die voorbeeld van Josef, wat in die paleis van die heidense Farao gedien het, en selfs meegewerk het aan die voorspoed van die koning en die land Egipte.

Josua - Oorwinnend oor die magte

Die oorwinning van Josua staan voortdurend in afhanklikheid voor God. Na die volk se deurtog deur die Jordaan (Jos. 3) word die volk opnuut aan God gewy met die oprig van die gedenkteken van 12 klippe (Jos. 4). Die grens van Kanaän word oorgesteek. Hulle bevind hul daarna in die vlakte van Jerigo. Letterlik is hulle op moedverloor se vlakte weens die onsekerheid van die toekoms en al waarop hulle kan staat maak is die beloftes wat die Here aan hulle gemaak het (Jos. 3:7 en verder). Hulle sien die beloftes van die land van melk en heuning, maar hulle besef dat hulle magteloos staan teen die magte van die heidene (Jos. 6:1).

Maar, soos dikwels in die geskiedenis van Israel beskryf word, gee God aan hulle ‘n teken volgens Josua 4:5-6 met die gedenksteen van twaalf klippe. Dit sou die kinders in die toekoms herinner dat God sy hele volk, al twaalf stamme van Israel, deur die Jordaan gelei en bewaar het.

In Josua 5 trek Israel laer by Gilgal. ’n Somber gees van ontnugtering neem hulle harte in besit. Was alles dan tevergeefs? In plaas daarvan om die wapen op te neem, laat Josua die hele volk besny en vier hulle die pasga (Jos. 5). Hierna wag Josua op die Here se leiding. Die volk moes heilig wees, anders kon hulle nie die oorlog in God se Naam aanpak nie. Nóú is die volk gereedgemaak vir die stryd, hierna neem hulle die wapen op. Eers van hier af, lees ons van die oorwinning van Josua en sy manne oor die heidense vyande wat uitloop op die verdeling van die land (Jos. 13-19).

Wat ek graag wil onderstreep is dat die Skrif hier aandui dat die mense die leier se leiding presies volg (Jos. 4:8). Trent Butler[12] merk in hierdie opsig op dat God hier vir sy volk ‘n leier opgewek wat luister na God se Woord en na wie die mense kon luister. Die rol van Josua as volksleier word in Josua 4:9 as model voorgehou: hy verteenwoordig eerder as om op te tree. Hy doen in plaas van om te praat. Hy eer die priesters eerder as om homself as hulle meerdere te beskou. Hy vestig ‘n gedenksteen ter ere van die God van Israel en nie ‘n standbeeld van homself nie. Die oorwinning van Israel en die gevolglike beërwing van die land, staan teologies parallel met die volk se noukeurige gehoorsaamheid aan God. Die belangrike punt wat gemaak word is: Josua maak seker hulle staan onder die seënende hand van God. Hulle neem nie reg in eie hande nie, maar wag op die leiding van die Here.

Jeremia - Sien God se straf raak

God kan onreg en lyding toelaat, selfs dat sy kinders swaarkry en verdruk word, as straf op die sonde van sy volk. Jeremia en sy volk bevind hulle in sulke omstandighede. Die saak wat aandag in die boek Jeremia geniet, was die vraag: *Moet die volk van die Here hulle verset teen die heidense Babiloniese heersers, of moet hulle net die omstandighede aanvaar soos dit is?* Die profete het met verskillende boodskappe na die volk gekom: die een groep onder leiding van Hanánja het gesê: *Kom in opstand, en gooi die juk van Nebukadnesar af!* (Jer. 27:14). Jeremia aan die ander kant meen dat dit die straf van die Here is, en dat die enigste hoop op oorlewing sal wees om te buig onder die Babiloniërs en terug te keer na God. Jeremia maak die volk bewus van hulle eie sonde. Maar hy word as verraaier van die volk gebrandmerk: die volk lê ‘n juk op sy skouer en maak van hom ‘n openbare bespotting. Hanánja verbreek die juk in die openbaar om die verbreking van die Babiloniese juk simbolies voor te stel (Jer. 28:10-11). Jeremia bring vervolgens die boodskap dat die volk moet aangaan met hulle lewe, moet plant, huise moet bou en kinders moet kry, en dat hulle moet bid vir vrede (Jer. 29:5-6). Hierna word Jeremia in ‘n diep modderput gegooi omdat hy volhou met sy standpunt dat die volk nie in opstand moet kom nie (Jer. 38). Ten spyte van die vernedering wat Jeremia moes deurgaan, bly hy egter getrou aan God se opdrag en ten spyte van die mense se druk om sy standpunt te verander, roep hy op tot bekering.

In die model van Jeremia het ons die voorbeeld van ‘n gelowige wat aan God se beloftes vashou ten spyte van die grootste deel van die volk wat die rug op God gedraai het. Ons bevind ons in baie soortgelyke omstandighede as Jeremia. Hy bevind hom in sy eie land, maar onder

[12] Butler, TC. 1984. Word Biblical Commentary, Volume 7: Joshua, pp. 49-50. Dallas: Word Incorporated.

vreemde oorheersing, op die randjie van ‘n oorlog. In hierdie omstandighede pleit Jeremia dat die volk eerder op God moet vertrou en bid dat Hy die vrede sal bewerk. Indien dit nie in God se wil is nie, beveel Jeremia aan dat die volk onder die juk van die Babiloniërs geduldig sal wag op die uitkoms van God en nie die wapen opneem nie. In hierdie omstandighede sou dit selfmoord wees om die wapen op te neem.

Josef - Samewerking met die regering

In die geval van Josef, sien ons dat die omstandighede van Josef ook aanvanklik nie rooskleurig was nie. Josef is deur sy broers verkoop aan die Ismaeliete, wat hom op hulle beurt weer aan die Egiptenaars verkoop (Gen. 37:28). En tog leer ons uit die geskiedenis van Josef dat God besig was om Josef in ‘n posisie te plaas om te verseker dat sy broers en hulle families aan die lewe bly tydens die hongersnood wat kort hierna volg. Josef se lyding word dus gebruik om uiteindelik ‘n groter doel te dien, naamlik om die volk Israel van verdwyning te red. Dit het egter nie hierna net goed gegaan met Josef nie. Inteendeel, hy moes hom teen allerlei beskuldigings verweer, veral toe Potifar se vrou hom aangekla het dat hy probeer het om haar te verlei (Gen. 39:10-20). Selfs in die gevangenis het God aan Josef gedink en het Josef aan God se beloftes bly vashou, ten spyte van die vervolging en vernedering. Nadat Josef die droom van Farao uitlê (Gen. 41) en gevolglik uit die tronk vrygelaat word, tref ons geen sweempie van verbittering en wraak teenoor die koning aan nie. Ons lees dat Josef saamgewerk het met die koning en gedeel het in die voorspoed van die land.

In die model van Josef het ons dus die voorbeeld van ‘n gelowige in ‘n heidense land, onder ‘n heidense regering, wat nie in opstand kom nie, maar selfs sy vernedering aanvaar as deel van God se Raadsplan. Uiteindelik bewerk God die verlossing van Josef, wat uitloop op die verlossing van die hele Israelitiese geslag.

Uit die bogemelde 3 voorbeelde is dit belangrik dat ons ter harte neem dat verskillende omstandighede in die lewens van mense verskillende optrede gevra het. In hierdie omstandighede het die gelowiges nie toegelaat dat hulle emosies die oorhand kry nie, maar het hulle biddend en afhanklik gewag op God se bevel. In sommige gevalle het gehoorsaamheid aan die owerheid selfs negatiewe gevolge vir die persoon gehad, maar selfs dan het die gelowige vertrou dat God in beheer is.

Calvyn se Praktiese werksmodel

Calvyn het hom besig gehou met die vraag wat gedoen moet word met die owerheid wat die “gesag van God” verwerp (kommentaar op Hand. 5:29), wat sy “reg misbruik" (kommentaar op Hand. 4:19), wat as gevolg van hebsug sy onderdane “beroof en beplunder” en waar “'n

goddelose en heiligskennende vors'' sy onderdane ter wille van hul “vroomheid” vervolg (Institusie 4, XX, 29). As Calvyn praat oor die vraag of ‘n gelowige oorlog mag maak, haal hy Augustinus aan wat leer: *As die Christelike leer alle oorloë sou verdoem, sou liewer vir die soldate wat raad gevra het om hulle saligheid te bekom, gesê gewees het dat hulle hulle wapens moes weggooi en hulle heeltemal van krygsdiens moes onttrek. Vir hulle is egter gesê: ‘Julle moet niemand geweld aandoen nie; niemand verontreg nie en wees tevrede met julle soldy. Toe hy hulle gelas het om met hulle soldy tevrede te wees, het hy hulle in elk geval nie verbied om oorlog te maak nie.*

Vir Calvyn is dit egter nie vir ‘n enkeling geoorloof om op sy eie in opstand te kom teen ‘n regering of gesagsliggaam nie. Vir Calvyn is dit die taak van die “mindere magistrate” of “volksmagistrate”. Dit is ‘n leiersgroep wat deur die volk verkies word en deur die meerderheid van die volk gesteun word om namens hulle met die regering van die dag te gaan onderhandel. Calvyn is bewus daarvan dat daar “konings is wat onbeheers te kere gaan en nederige mense vertrap” en as die volksmagistrate in sulke gevalle stilbly “(is) hulle optrede nie vry van goddelose troubreuk as hulle dit verswyg nie omdat hulle die vryheid van die volk waarvan hulle weet dat hulle volgens God se beskikking as beskermers aangestel is, bedrieglik verraai”. Volgens Calvyn moes Christene egter ook besef dat slegte konings “gésels van die Here” is waardeur Hy die mensdom se sondes straf. Dit moet met ootmoed verduur word (kommentaar op Rom. 13:3, Institusie 4 XX 29). Hy praat hier nie van gewelddadige verset nie. Trouens, aan slegte konings moet “dieselfde eerbied en dieselfde agting" betoon word as aan goeie konings (Institusie 4, XX, 25). Dit sluit egter nie uit dat Calvyn ook in sy teologie ruimte gemaak het daarvoor dat ‘n Christen soms in opstand teen die regering kan kom nie.

Samevatting

Vanuit die 3 modelle wat hierbo voorgehou is, lyk dit vir my of ons in Suid-Afrika vandag in soortgelyke posisies is as wat Josef en Jeremia was. Soos in Jeremia se tyd is daar vandag baie “profete” wat teenstrydige uitsprake maak oor wat ons te doen staan. Kom laat ons egter uit hierdie voorbeelde leer om te wag op die leiding van die Here en nie sommer reg in eie hande te neem nie.

Dit is nie binne die bevoegdheid van die kerk om te besluit dat die volk tot ‘n spesifieke vorm van verset moet oorgaan nie. Al wat die kerk mag en moet doen, is om aan sy lidmate skriftuurlike leiding te gee oor burgerlike verset . Indien 'n besluit tot verset geneem word, sal dit dié van die volk onder leiding van sy volksleiers wees.

Al sou ons op grond van ons getalle oënskynlik geen impak hê op die regering van die dag nie, bly dit ons verantwoordelikheid om vir die regering te bid en saam te werk ter wille van die vrede van alle mense in dié sake wat nie duidelik in stryd met die Skrif is nie. Ons profetiese opdrag om te bly getuig, mag nooit versaak word nie. Die kerk moet die staat bly oproep om van sy kant die burger te beskerm en so daaraan meewerk om die ryk van die antichris ten gronde te rig en valse godsdiens en afgodery uit te roei (vergelyk N.Gb. artikel 36). Geen owerheid het egter absolute gesag nie. So ‘n reg kom net God toe. Ons moet ons in die woorde van Petrus en Johannes laai lei dat ons aan God meer gehoorsaam moet wees as aan mense (Hd. 4:19; 5:29).

Dit blyk uit die lig van Calvyn dat ons eerste pro-aktiewe stap om hierdie kwessie te benader sal wees om almal saam te werk om volksleiers te identifiseer en te verkies – gelowige manne – wat namens die volk kan praat en die volk kan oproep tot gepaste aksie.

Wat ons moet erken wanneer ons moet kies tussen die verskillende modelle of benaderings tot die vraag oor grond en land en of ons ons moet/kan verset teen die owerheid om die “reg” op grondgebied en vryheid te eien, is die volgende beginsels twee belangrike beginsels:

a) Net God kan aan volke vryheid en 'n eie land gee. Verkiesings of fisiese weerstand kan die voertuig wees om die doel te bereik, maar God behou altyd eienaarskap van die grond en geen volk kan grond verdien of besit nie.
b) God ontneem vryheid en 'n land as gevolg van sonde as dit Hom behaag.

As die owerheid ongehoorsaam is aan die Woord van God, maak hulle misbruik van die gesag wat die Here aan hulle gegee het. ‘n Owerheid kan nie bloot maak wat hy wil nie. As ‘n regering van sy burgers eis om húlle te gehoorsaam bo die Here, mag ons nie die regering gehoorsaam nie, maar die Here, want eerbied teenoor God is die hoogste eis. Dan word die gelowige opgeroep tot ‘n staat van “heilige verset” (ter wille van die eer en gesag van die Here). Presies hoe ver die gelowige mag gaan in sy verset teen ‘n heidense owerheid, is ‘n saak wat ons biddend moet oordink. Maar die beginsel moet altyd geld dat alle alternatiewe ondersoek moet word, voordat die moontlikheid van gewelddadige verset oorweeg word. Dit is en bly altyd die laaste uitweg!

Die Christen-Afrikaner is nie in ‘n unieke situasie in die huidige Suid-Afrika nie, soos die geskiedenis van Israel in die Ou Testament bevestig. Hoewel ons die voorreg het om ons volk, taal en kultuur te beskerm, mag dit egter nooit belangriker geag word as ons heilige roeping om God se wil te doen nie. Ons roeping as gelowiges staan eerste op die prioriteitslys, daarna volg sake soos kulturele-, politieke-, ekonomiese-, en taalbelange. Ons het die ruimte om ons

te verset, maar verset neem verskillende vorme aan. Watter soort verset oorweeg word moet ons met verantwoordelikheid oordink.